

1. Israel onder Persiese heerskappy

Van die tydperk van Maleagi tot met die geboorte van Christus kan hier net 'n kort oorsig gegee word. Dit loop oor **400 jaar** en in dié tyd het daar heelwat gebeur met die volk wat uit Babel na Palestina teruggekeer het.

- Gedurende hierdie hele tyd was die Jode maar baie selde onafhanklik. Net in die dae van die Makkabeërs het hulle nou en dan die juk van die oorheerser afgeskud en vryheid geniet.
- Terwyl die Perse oor hulle geheers het, het hulle (die Perse) maar min probleme met die Jode gehad.
- In dié tyd het die teenstand gekom van die Samaritane en die omringende volke, maar die Persiese koning het die Jode beskerm teen die haat en vyandskap. Die Perse het die magtigste volk gebly tot die jaar 336 v.C.

2. Israel onder Griekse heerskappy

Die Persiese mag is vervang deur die Grieks-Masedoniese ryk onder Alexander die Grote. Alexander was die Jode goedgesind.

- Nadat hy die Persiese leër in die jaar 333 v.C. verslaan het, en nadat hy Tirus en Gasa verower het, het Palestina ook in sy besit gekom.
- Hy het teen Jerusalem opgetrek, want hy was kwaad omdat die Jode nie vir hom lewensmiddele gestuur het nie.
- Toe hy voor die poort van Jerusalem kom, het die hoëpriester Jaddua met 'n hele skare priesters hom tegemoet gegaan. Hierdie plegtige optog het so 'n indruk op hom gemaak dat hy gehoor gegee het aan die smeking van die hoëpriesters en Jerusalem gespaar het.

3. Israel onder die Ptolemeërs en Seleusiede

Na die dood van Alexander is sy ryk onder sy vier generaals verdeel. Van toe af was die Joodse land 'n twisappel tussen die Egiptenaars en die Siriërs. Eers was Palestina honderd jaar lank onderworpe aan die Egiptenaars of Ptolemeërs.

- Veral onder die oorheersing van Antiochus Epifanes moes die Jode baie ly.
- Hy het hulle gekrenk in hulle heiligste regte en hy het die tempel van die Here aan Jupiter gewy.
- Hy het die Joodse godsdiens nie geduld nie en die Jode gedwing om voor sy gode neer te kniel.
- Wie aan die Joodse godsdiens getrou gebly het, moes sterf.
- Besnydenis en Sabbatsviering is verbied, en wie dit nog onderhou het, moes eweneens die doodstraf ondergaan.
- Die getal afvalliges onder die lede wat hulle godsdiens vaarwel gesê het, was groot. Hulle het aanhangers van die Griekse godsdiens geword.

4. Die Makkabeërs

In hierdie tyd van die hoogste nood het die Here verlossing aan die Jode gebring deur middel van die Makkabeërs.

- Die Makkabeërs was die naam vir die vyf seuns van die priester Mattatias. Hulle het hulle in die jaar 166 v.C. teen die tirannie van Antiochus verset.
- Judas, die seun van Mattatias, het die bynaam Makkabeus ("hamer") gekry, en hierdie naam het ook oorgegaan op sy vier broers.
- Judas het met heldemoed vir die Joodse geloof gestry.
 - Hy het menige neerlaag aan die Siriese bevelvoerders besorg en ook die tempel in besit geneem en dit weer gereinig.

- Hierdie tempelreiniging leef nog steeds in die herinnering van die Jode voort in die fees van die vernuwing van die tempel.

Gedurende 100 jaar het die nakomelinge van Mattatias, wat ook hoëpriesterlike waardigheid gehad het, die leiding oor die Joodse volk gehad. By tye was die Jode heeltemal vry van die Siriërs, en dan weer was hulle min of meer aan hulle onderworpe.

5. Israel onder Romeinse heerskappy

In hulle stryd teen die Siriërs het hierdie dapper manne uiteindelik die hulp van die Romeine ingeroep.

- Judas het al daarmee begin, en ten laaste het daar 'n verbond tussen die Romeine en die Jode tot stand gekom.
- Hierdie bondgenootskap het die Jode baie kwaad aangedoen. Daardeur het die Jode uiteindelik onder die Romeinse heerskappy gekom.
- Die Romeine het ook aan die regering van die Makkabeërs 'n einde gemaak.
- Hulle het die laaste afstammeling uit die geslag van die Makkabeërs, Antigonus, se koningskap vervalle verklaar, en hom vervang deur die Edomiet, Herodes.
- Antigonus het nog probeer om die stryd vir sy koningskap voort te sit, maar na drie jaar het hy gesneeu, en Herodes het die troon bestyg. Hy was heeltemal van die Romeine afhanklik.

Om darem 'n skyn van wettigheid aan sy regering te gee, het Herodes getrou met Marianne, 'n dogter uit die Makkabese geslag.

- Hy het sy bes probeer om die Jode aan sy kant te kry, veral deur die verfraaiing en vergroting van die tempel waaraan daar 46 jaar lank gewerk is.
- Hy het almal gehaat wat nog familie was van die ou heldegeslag.
 - Daarom is eers die oupa van sy vrou, Hirkanus, daarna haar pa, en eindelijk ook Marianne self en haar twee seuns vermoor.
 - So is die hele geslag van die Makkabeërs uitgeroei.
 - Dit was ook die einde van alles wat aan die vroeëre glorie herinner het.
- Hierdie Herodes het oor die Joodse land geregeer toe Jesus in Betlehem gebore is.

6. Godsdienstige toestande

Juda is veral weens afgodery in ballingskap weggevoer, maar na die Ballingskap wou hulle nie meer weet van afgodery en beelddiens nie. Hulle wou toe die Wet nalewe, en veral toe daar nie meer profete opgetree het om God se raad bekend te maak nie, is die Wet as God se openbaring geëer. Tog het die volk nog telkens oortree en moes daar deur hervorming telkens weer verbetering aangebring word soos blyk uit Nehemia 13.

Behalwe in die tempel is die Woord van God gereeld op die Sabbat in die sinagoges gelees.

Die sinagoges het ook in die lande buite Palestina voorgekom. Skrifgeleerdes en Wetgeleerdes het opgetree om die Woord van God en die Wet te verklaar.

- Die wyse waarop die Jode aan die Wet vasgehou het, het gelei tot werkheiligheid en formalisme in die uitlewing van hulle godsdienste.
 - Eie instellings en bepalings het die Woord van God van sy krag ontnem.
 - Hulle het regverdigheid uit die werke van die Wet gesoek en nie deur die geloof nie.
- In daardie tyd het daar verskillende godsdienstige partye ontstaan wat afbreuk gedoen het aan die ware, voorvaderlike geloof.
- Die vernaamste partye was dié van die Fariseërs – die mees regsinnige rigting.
 - Hulle het hulle heil gesoek deur aan die letter van die Wet vas te hou, en hulle het gemeen om

daardeur die guns van God te verwerf.

- In Matteus 23 wys Jesus op hulle vormdiens, maar ook op hulle geveinsdheid.
- Naas die Fariseërs was daar ook die party van die Sadduseërs wat meer vrysinnig was.
 - Hulle het ontstaan onder die invloed van die Griekse wêreldbeskouing.
 - In baie opsigte het hulle 'n teëstelling met die Fariseërs gevorm, hoewel hulle wesenlik ook ooreengestem het, want die ware godsdien was ook nie by die Sadduseërs te vinde nie.
 - Die Sadduseërs was vrydenkers wat nie geglo het in die opstanding van die liggaam nie. Met die dood is alles uit.
 - Hulle het ook nie geglo in die bestaan van engele en geeste nie. Wat ons by hulle kry, is 'n blote verstandsrigting.
- Verder was daar nog die sekte van die Esseners. Hoewel die Bybel geen melding van hulle maak nie, weet ons van hulle uit die tekste wat oor hulle gevind is.
 - Hulle het hulle heil gesoek in 'n lewe van afsondering en onthouding.
 - Die meeste van hulle het ongetroud gebly en het hulle ook onthou van verskillende kosse en drankie.
 - Dit was 'n mistieke rigting wat hulle oorgegee het aan meditasie en Skrifstudie.

Gelukkig het daar 'n skare van getroues oorgebly wat vasgehou het aan die beloftes van God, en wat vurig na die Messias verlang het.